NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

10 Oktober 2021

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Markus 10 : 17 – 31**. *So reg … en tog heeltemal verkeerd!*
2. Geen kategese agv skoolvakansie.

WERD OM TE WEET

1. **Wynveiling 2021:** Dié groot projek wat fondse insamel vir die Kers-kardoese projek vind op **Vrydag 29 Oktober** om 18:30 plaas. Merk die datum sommer nou reeds. **Ete-kaartjies** @R100 is vandag in die portaal beskikbaar. Die katalogus kan by Servaas aangevra word. Beperkte vooraf-verkope van meervoudige lotte is beskikbaar.

   Lidmate kan ook tot **17 Oktober** begunstigdes vir die **Kerskardoese-projek** nomineer. Stuur asb besonderhede aan ds Servaas. Omgeegroepe en ander lidmate moet asseblief betyds oorweging skenk aan hoe hulle aan die projek deelneem.

2. **Woensdag-Woord** gaan hierdie week voort … **9:30 in die konsistorie**. Almal welkom!

3. **Program vir die volgende weke**

17 Okt	Doop, Lofprysing met musiekgroep, Omgeegroepe
24 Okt	Kategete en almal wat wil help met jeugwerk in 2022 vergader om 10:30.
31 Okt	Omgeegroepe. Kerskardoes-trane beskikbaar
7 Nov	Nagmaal en Dankfees
14 Nov	Kerssangdiens 09:00. Kategese afsluiting. Omgeegroepe
21 Nov	Kerskardoese-projek sluit

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

10/10 Gertie Serfontein
11/10 Schalk van Dyk
12/10 Chris Koster, Yolanda van der Merwe
13/10 Hennie Botha, Martha Crous, Linda van Dyk
14/10 Ruben Pretorius
15/10 Michéle Crafford, Marli Dorfling

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Di Hart** (083 226 5486), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Annette van Heyningen** (074 298 3338 - Chris), **Johan Kemp** (011-787 6274), **Lenie Benecke** (011 888 3187) en **Piet Homan** (072 355 2186).
2. **Hospitalisasie, operasies en siekes:**
   - **Corrie Stone** (082 556 9874) ondervind ernstige gesondheidsprobleme.
   - **Neels Dannhauser** (082 924 8396) word in Olivedale behandel na verskeie prosedures.
   - **Ina Norris** (073 229 2969) herstel van 'n heup-operasie.
   - **Anthonie van Zyl** (084 043 3069) verswak geleidelik en word by kinders in Centurion versorg.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: SMS 082 570 4309.

Gebedskandelare teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek.

Ons bid in hierdie week vir ... *ons land en al sy mense ... ons families en ons kinders ... ons medemense wat om een of ander rede baie swaar kry ... krag en hoop en lewe vir ons almal!*

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R70** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is tans in voorraad beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

ONS BLY GESEëND ...

Diensgroep Steundienste doen graag verslag oor die stand van die gemeente se finansies vir die eerste helfte van die 2021/22 boekjaar.

Die **begrote jaar tot datum inkomste** van R1 320 480 het egter R1 596 304 beloop. Internet-betalings bly wisselvallig met sporadiese groot inbetalings wat ontvang word. Ons bly dankbaar vir elke offer!

Die **begrote jaar tot datum uitgawes** van R1 453 029 het werklik R1 526 267 beloop. Die afwyking is veral toe te skryf aan die herstel van die orrel en hulp aan mense in nood.

Die netto resultaat is dus 'n **oorskot** van R70 037 teenoor 'n begrote tekort van R132 549.

Hierdie syfers getuig van God se seën sodat lidmate te middel van steeds moeilike omstandighede offers van dank kan bly bring. Ons verloor maar deurlopend dankoffers oa deur die afsterwe van lidmate en verandering in ander se omstandighede. Die volgende 6 maande van die boekjaar vra dat elkeen sal help om die wa deur die drif te trek - veral met die Dankoffer-maand in November.

ONS HUWELIK MAAK SAAK …

'n Sekere Betty Wright gesê … *dit is deernis en nie passie nie wat 'n huwelik aanmekaar hou*. 'n Sagte gees het waarde. Werk met jou maat soos met jou kosbaarste geskenk. Dit klink eenvoudig, maar goedhartigheid kan 'n huweliks-rewolusie veroorsaak.

Die boek, *The Kindness Challenge*, dui op 3 dinge wat vir 30 dae gedoen kan word om hierdie goedheid teenoor mekaar te ervaar: Moet niks negatiefs oor jou maat sê nie – nie vír mekaar en ook nie oor mekaar nie. Soek minstens een goeie eienskap of daad wat julle van mekaar waardeer en vertel dit vir mekaar én vir iemand anders. Doen een klein daad van goedheid of vrygewigheid. Wanneer al drie hierdie dinge op 'n daaglikse basis gedoen word sal woorde, dade en gevoelens verander … om 'n meer 'n meer goedhartige mens te word:

Hier is maniere waarop huweliksmaats goedheid en deernis aan mekaar kan bewys:

1. Deernis beteken nie om vir jou maat te hoef te vra wat fout is nie. Dit beteken nie dat iets noodwendig verkeerd is nie. Vra eerder: "*Wat het jy op hierdie oomblik van my af nodig?"*
2. Kyk jou maat in die oë. Dis soms moeilik om die tyd te kry om waarlik te *connect*. Dis soms nodig om alles waarmee jy besig is vir 'n oomblik te los en jou maat in sy oë te kyk.
3. Onthou waarvan jou maat hou. Dink terug aan die dae toe jy hierdie klein goedjies onthou het en gee dit alles vir hom/haar.
4. Wanneer jy sien dat jou maat 'n Blou Maandag, Blou Woensdag, Blou Vrydag of watter blou dag ook al gehad het, wees daar vir hom/haar wanneer jy sien hy/sy is ontvanklik daarvoor.
5. Gee jou maat jou volle aandag. Jou maat verdien om gesien te word en erken te word. Dink aan die maniere waarop jy elke dag aandag soek en hoe jy hierdie aandag/erkenning aan jou maat kan gee.
6. Moenie stereotipies wees nie. "Ek is so jammer oor jou verlies," of "Ek is daar vir jou" of "Het jy 'n slegte dag gehad?" Dit is alles clichés. Dink aan ander maniere waarop julle vir kan se dat julle empatie met mekaar het.
7. Soms hoef jy niks woorde te gebruik nie. Soms is 'n subtiele aanraking genoeg. Daar is tye wanneer woorde net nie help nie. Op daardie dae, kan julle net by mekaar sit …
8. Soms kan deernis ook gelykstaande wees aan humor. As jy goed is daarmee om jou maat te laat lag, kan 'n goeie grap op die regte tyd net die regte doepa wees.
9. Ondersteun mekaar se drome, ideale en idees – selfs al is jy nie seker of dit kan werk nie.
10. Moenie aanneem dat die vorm van deernis wat jou maat laas week nodig gehad het, dieselfde vorm van deernis is wat vandag nodig is nie.

Met dank en erkenning aan: Intiem.co.za

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 10 Oktober – Markus 10 : 17 - 31

Ons lees hierdie week elke dag die bekende verhaal ... dalk goed as dit in verskillende vertalings kan wees. Die gedeelte is in die middel van Markus en vorm deel van die verhaal wat Jesus volg op pad na Sy eindbestemming in Jerusalem. Jesus konfronteer die dissipels oor hulle verwagting oor wie die Messias behoort te wees. Keer op keer probeer Hy verduidelik dat die Messias moet ly en sterf as dienskneg van mense. Hy is nie die leier met mag en geweld wat hulle soek nie ... Hy bring waardes van opoffering en diensbaarheid ... en hierdie week se verhaal oor die ryk jongman beklemtoon dit.

Ons oefen om te laat gaan en te volg: Jesus probeer vir Sy dissipels verduidelik hoe moeilik dit is om jou werklik aan God oor te gee as jy steeds aan ander dinge vashou. Die kontras van 'n kameel en 'n naald se oog beklemtoon dat geen rykdom verlossing kan koop nie. Inteendeel. Om werklik vry te wees om Jesus te volg, moet 'n mens die mag wat enigiets oor jou kan hê, laat gaan.

.....

.....

In God se oë is almal gelukkig: Die dinge wat in hierdie wêreld aan ons aansien en sekuriteit gee, maak ons nie belangriker of meer spesiaal maak in God se oë nie.

.....

.....

God maak ons draers van Sy liefde: Hierdie verhaal wys dat wat saak maak is of ons lewende offers is van die waardes wat Jesus deur Sy leer en lewe met ons elkeen deel. Ons het 'n verantwoordelikheid om ons geloof nie vir onsself te hou nie, maar om dit met ander te deel.

.....

.....

Ons oefen om te gee: Om te gee is 'n sentrale deel van Christene se geloof. Ons gee nie net van ons rykdom ... maar ook ons tyd, omgee en energie om mense se lewens te verander. In dade van liefde, genade en omgee kom die werklike boodskap van Jesus Christus se lewe na vore.

.....

.....

Ons vertrou op God alleen: Ons kan baie maklik gemak vir onsself probeer skep deur wat ons het. Die egte waarde van ons geloof lê egter daarin om in oorgawe aan God vas te hou, ongeag ons aardse besittings.

.....

.....

SNUFFELGIDS

1. **Tuisversorger beskikbaar:** Ondervinding in versorging van Dementia, Parkinson's, Diabetes 2, Rehabilitasie na beroerte. Skakel Charlotte Clements - 060 703 7409.
2. **Voorbereide etes:** Weeklikse spyskaart (middag- of aandetes @ R60) Bestel vorige dag teen 09:00. Afhaal volgende middag. Kontak Janine (082 551 3755) vir spyskaart en besonderhede.
3. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
4. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
5. **Te Huur:** Marlothpark vakansiehuis te huur. Grens aan Kruger Park. Inez Steyn - 082 684 4339.
6. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
7. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
8. **Te Huur**: Ruim Loft Tuinwoonstel @ R7 650 per maand. Luuks gemeubileer, privaat ingang met onderdak parkering, stil, sentraal, veilig, swembad, elektriese omheining, kragopwekker en alarm. 5G internet, water, asook weeklikse skoonmaak ingesluit. Uitstekende waarde - ideaal vir enkel werkende persoon. Kontak 082 920 6163.
9. **Foto's wat praat.** Lê enige feestelikheid soos troue, doop en ander herinnerings vas met besondere foto's. Christa Richter – 083 274 4979.
10. **Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.
11. **Te huur:** Vakansiehuis met see-uitsig (slaap 6) Umzumbe-Suidkus R1000 pd. Kontak Ilze - 083 725 7028.
12. **Te huur:** 1 Slp kamer tuin-woonstel naby Randburg Hoërskool. R5 500 pm. Ilze - 083 725 7028.
13. **Te huur:** 1 Slaapkamer, badkamer en kombuis in Ferndale. Huur R4900 pm, water en ligte uitgesluit. Kontak Magdel - 082 857 0034.
14. **Lyn dans (Line dancing):** Kom deel in heerlike pret op 'n Dinsdagaand 18h30 – 19h30 in die kerksaal vir oud en jonk. R50 per aand. Skakel Cyril (074 112 8017) vir verdere navrae.
15. **Te huur:** Gemeubileerde 1 slaapkamer woonstel naby Unika Laerskool. R6800 pm vanaf 1 Oktober. Kontak Mauritz Tuit – 079 567 9411.
16. **Te huur:** St Michael's Sands Hotel, Natalse Suidkus. 10 -17 Desember. Slaap 8. Word daagliks gediens. Kontak Elize (082 700 6696) vir verdere navrae.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.